Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2016

REKENINGKUNDE

PUNTE: **300**

TYD: **3 uur**

* A C C N A *

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en ’n 15 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin ALLE vrae beantwoord moet word.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ’n donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te voltooi.
6. Waar van toepassing, maak alle berekeninge korrek tot EEN desimale punt.

Kopiereg voorgehou

7. ’n Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir elke vraag te hou.

VRAAG 1: 45 punte; 25 minute	
Hoofonderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Koste berekeninge	**Bestuursrekeningkunde** • Begrippe, Produksiekostestaat • Eenheidskoste en ontleding van gelykbreekpunt

VRAAG 2: 40 punte; 25 minute	
Hoofonderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Rekonsiliasies	**Finansiële rekeningkunde** • Bank- en Krediteurerekonsiliasie. **Bestuur van hulpbronne** • Interne beheer en Etiek

VRAAG 3: 70 punte; 40 minute	
Hoofonderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vaste bates en Maatskappye Finansiële state	**Finansiële rekeningkunde** • Begrippe, Inkomstestaat, Balansstaat en notas. **Bestuur van hulpbronne** • Waardevermindering, berekeninge en vaste batebestuur

VRAAG 4: 70 punte; 40 minute	
Hoofonderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Finansiële state, Kontantvloei en Interpretasie	**Finansiële rekeningkunde** • Begrippe, Kontantvloeistaat, Ontleding van verhoudings en interpretasie van finansiële inligting.

VRAAG 5: 40 punte; 25 minute	
Hoofonderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraadwaardasie, BTW en Probleemoplossing	**Bestuur van hulpbronne** • Berekening en interpretasie van voorraadinligting **Finansiële rekeningkunde** • BTW berekeninge

VRAAG 6: 35 punte; 25 minute	
Hoofonderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Begroting	**Bestuursrekeningkunde** • Begrippe, berekeninge en ontleding van begrotingsinligting **Bestuur van hulpbronne** • Interne beheer prosesse en korporatiewe beheer

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: KOSTE BEREKENINGE (45 punte; 25 minute)

1.1 Kies 'n gepaste voorbeeld/verduideliking uit KOLOM B om te pas by die term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) teenoor die vraagnommer, (1.1.1– 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK.

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 Vaste koste	A Koste van grondstowwe gebruik in die produksieproses
1.1.2 Indirekte arbeid	B Klaar vervaardigde goedere gereed vir verspreiding na kleinhandelaars
1.1.3 Verkoops- en verspreidingskoste	C Debietorderbetalings vir die maandelikse fabriekshuur en versekering
1.1.4 Veranderlike koste	D Lone betaal vir fabrieksonderhoud en aan skoonmaakpersoneel
1.1.5 Klaar produkte	E Tjekbetalings aan die *Daily Dispatch* vir 'n 3 maande advertensiekontrak

(5)

1.2 **SIDDHI BASKETS INK**

Siddhi Baskets Ink. vervaardig mandjies wat gebruik word vir blommerangskikkings en geskenkpakke. Die boekhouer het die produksiekostestaat vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016 voorberei. Sommige relevante inligting is nie in ag geneem nie.

GEVRA:

1.2.1 Voltooi die volgende vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016:

- Nota vir Fabrieksbokoste. (9)
- Die Produksiekostestaat. (14)

INLIGTING:

A. **Voorraad voorhande:**

	1 Maart 2015	29 Februarie 2016
Grondstowwe	42 400	37 600
Goedere in bewerking	27 600	36 800

B. Direkte grondstowwe aangekoop gedurende die finansiële jaar was R745 500. Vraggeld op die aankoop van die grondstowwe beloop R38 500.

C. Fabrieksbokoste

Voorman se salaris	198 000
Waardevermindering op fabriekstoerusting	86 560
Huuruitgawe	107 240
Water en elektrisiteit	118 520
Versekering	34 845
Diverse uitgawes	22 600

- Die huuruitgawe moet in die verhouding 5 : 1 : 1 verdeel word tussen die fabriek, verkope en kantore.
- 75% van die water en elektrisiteit is vir die fabriek.
- $^{2}/_{3}$ van die versekering uitgawe moet aan die fabriek toegedeel word.
- Diverse uitgawes moet as volg verdeel word:
  10% aan die administrasie afdeling, 25% aan die verkope-afdeling en die balans aan die fabriek.

D. Gedurende die finansiële jaar is 18 400 mandjies vervaardig teen ŉ koste van R87 per mandjie.

E. Die direkte arbeidskoste is die balanserende bedrag.

1.3 KUNAL SE VEILIGHEIDSHEKKE

Kunal se Veiligheidshekke, eienaar Sbu Kunal, vervaardig veiligheidshekke volgens bestelling.
Die inligting hieronder is vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2016.

GEVRA:

1.3.1 Bereken die gelykbreekpunt vir die tydperk geëindig, 31 Augustus 2016. (6)

1.3.2 Vergelyk en lewer kommentaar oor die gelykbreekpunt en die vlak van produksie gedurende die afgelope 2 jaar. Haal syfers aan. (6)

1.3.3 Gee TWEE gepaste redes vir die toename in direkte grondstofkoste en maak EEN voorstel aan Kunal hoe om hierdie koste te beheer. (5)

INLIGTING:

A. Koste inligting vir die jaar geëindig 31 Augustus 2016:

		2016		2015
		TOTALE BEDRAG	EENHEIDS KOSTE	EENHEIDS KOSTE
Direkte grondstofkoste	Veranderlike koste	86 400	R180	R156
Direkte arbeidskoste	Veranderlike koste	122 400	R255	R242
Fabrieksbokoste	Vaste koste	76 800	R160	R156
Verkoops- en verspreidingskoste	Veranderlike koste	74 400	R155	R152
Administrasiekoste	Vaste koste	60 000	R125	R129

B. Addisionele inligting vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus:

	2016	2015
Totale verkope	R412 800	R459 000
Verkoopprys per eenheid	R860	R850
Aantal eenhede vervaardig en verkoop	480 eenhede	540 eenhede
Gelykbreekpunt	?	508 eenhede

45

VRAAG 2: REKONSILIASIES (40 punte; 25 minute)

2.1 Dui aan of die volgende stellings **WAAR of ONWAAR** is:

2.1.1 Vooruitgedateerde tjeks uitgereik, moet op die datum van uitreiking in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken word.

2.1.2 Volgens die wesenlikheidsbeginsel van AARP moet ’n besigheid kontant-verliese onmiddellik aanteken sodra hulle dit vermoed.

2.1.3 ’n Debietsaldo op die bankstaat is ’n aanduiding van ’n oortrokke bank. (3)

2.2 **Bankrekonsiliasie**

Lucky Jimmy, die kassier van Franco se Deli, is verantwoordelik vir die insameling van kontant, die uitskryf van kwitansies en die bank van alle kontantontvangstes asook die uitreiking van tjeks. Hy voel dit is nie nodig om ’n bankrekonsiliasiestaat op te stel nie, aangesien die bank akkurate rekords hou van alle transaksies en dit op die bankstaat aanteken.

GEVRA:

2.2.1 Bereken die korrekte saldo van die Bankrekening in die Algemene grootboek op 31 Julie 2016. (9)

2.2.2 Voltooi die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Julie 2016. (7)

2.2.3 Gee EEN rede waarom die interne ouditeur bekommerd is oor Lucky se werksomskrywing. (2)

2.2.4 Verduidelik aan Lucky waarom dit nodig is om elke maand ’n bankrekonsiliasiestaat op te stel. Verskaf TWEE punte. (4)

INLIGTING:

A.
- Op 31 Julie 2016 toon die Bankrekening ’n batige saldo van R11 743 voordat die bankstaat van Money Bank ontvang is.
- Saldo volgens die bankstaat op 31 Julie 2016, R?

B. Items in die Julie bankstaat wat nie in die Kontantjoernale verskyn nie:

Diensgeld	R45
Kontant deposito fooi	R132
Rente-inkomste	R23
Debietorderbetaling vir versekering aan X! Versekeraars Hierdie bedrag verskyn foutiewelik twee keer op die bankstaat.	R325
’n Geweierde tjek – van debiteur, Y. Knot	R475
Kommissie-inkomste van LUVLI Pastries	R522

C. Tjeknr. 1226, uitgereik op 24 Julie 2016 aan Nosy Tom vir aflewerings, verskyn as R576 op die bankstaat. Die joernaal toon die verkeerde bedrag van R765.

D. Tjeknr. 1287 en nr. 1299 vir R675 en R2 010, onderskeidelik, uitgereik gedurende Julie 2016, verskyn nie op die bankstaat nie.

E. ’n Deposito van R4 410 op 28 Julie 2016 verskyn nie op die bankstaat nie.

Kopiereg voorbehou

2.3 Krediteurerekonsiliasie

Port Handelaars koop goedere op krediet van Sout Voorsieners.

GEVRA:

2.3.1 Toon die veranderinge in die saldo van die Krediteuregrootboekrekening en die saldo van die staat vir elkeen van die verskille hieronder aangedui. Dui aan of die bedrag moet bygetel word (+) of afgetrek word van (-) die gegewe saldo's. Gebruik die tabel in die ANTWOORDEBOEK. (12)

2.3.2 **Verwys na inligting vi):**
By nadere ondersoek is vasgestel dat hierdie goedere bestel is deur die eienaar vir sy persoonlike gebruik.
Watter advies kan jy, as interne ouditeur, gee aan die eienaar aangaande die aankoop van goedere deur die besigheid se rekening? Verwys na 'n AARP-beginsel in jou verduideliking. (3)

INLIGTING:

A.

Saldo verskuldig aan Sout Voorsieners op 30 Junie 2016 volgens die rekening in die Krediteuregrootboek van Port Handelaars.	87 320 (**Kt)**
Saldo verskuldig deur Port Handelaars op 26 Junie 2016 volgens die rekeningstaat ontvang van Sout Voorsieners.	95 400 (**Dt**)

B. Verskille opgemerk:

(i) 'n Betaling van R6 500 deur Port Handelaars is uitgelaat in die Krediteuregrootboekrekening van Sout Voorsieners en op die rekeningstaat ontvang.

(ii) 'n Faktuur vir R14 300 ontvang van Sout Voorsieners is korrek aangeteken deur Port Handelaars. Die rekeningstaat toon die faktuur as R13 400.

(iii) Port Handelaars het R800 as korting vir vroeë betaling korrek aangeteken. Die rekeningstaat toon nie hierdie korting nie.

(iv) Port Handelaars het 'n debietnota vir R1 250 foutiewelik aangeteken in die krediteuregrootboekrekening van Sout Verskaffers. Dit was goedere teruggestuur aan 'n ander verskaffer.

(v) 'n Kredietnota vir R2 000 ontvang van Sout Verskaffers vir afslag toegestaan, is deur Port Handelaars foutiewelik aangeteken as 'n faktuur.

(vi) Die rekeningstaat toon die volgende items wat nie deur Port Handelaars aangeteken is nie:
- Afleweringskoste vir die maand, R3 530.
- Faktuur vir goedere aangekoop, R2 400.

(vii) 'n Betaling van R5 000 gemaak op 28 Junie 2016 deur Port Handelaars is aangeteken in die Krediteuregrootboekrekening van Sout Verskaffers. Die rekeningstaat is gedateer 26 Junie 2016.

Kopiereg voorgehou

VRAAG 3: VASTE BATES EN FINANSIËLE STATE VAN MAATSKAPPYE (70 punte; 40 minute)

Micaila Bpk. is ’n genoteerde maatskappy met ’n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 000 gewone aandele. Die inligting is vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2016.

GEVRA:

3.1 Verwys na inligting (i):

3.1.1 Voltooi die **Bateverkoperekening op** 31 Desember 2015. (6)

3.1.2 Bereken die totale waardevermindering op toerusting vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (5)

3.1.3 Bereken die drawaarde van toerusting op 29 Februarie 2016. (5)

3.2 Voltooi die **Inkomstestaat** vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016. (38)

3.3 Voltooi die nota tot die Balansstaat vir **HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE**. (8)

3.4 Voltooi die **BEDRYFSBATES** afdeling van die Balansstaat. (8)

INLIGTING:

A. Inligting uit die voor-aansuiweringsproefbalans op 29 Februarie 2016.

Grond en geboue	2 870 000	
Toerusting	966 200	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2015)	549 600	
Vaste deposito (8,5% p.a. rente)	220 000	
Handelsvoorraad	415 400	
Debiteurekontrole	280 200	
Voorsiening vir oninbare skuld	9 025	
Bank	34 172	Dt
Lening: Shark Bank	975 400	
Krediteurekontrole	420 180	
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	50 340	
Verkope	3 402 000	
Koste van verkope	?	
Ouditfooie	27 500	
Diverse uitgawes	76 120	
Munisipale dienste	215 800	
Salarisse en lone	235 820	
Direkteursfooie	316 100	
Verbruiksgoedere	24 770	
Huurinkomste	98 523	
Bateverkope	15 000	
Kommissie-inkomste	60 281	
Rente op vaste deposito	9 350	
Korting toegestaan	6 330	
Dividende op gewone aandele	326 250	

Kopiereg voorbehou

B. Addisionele inligting en aansuiwerings:

(a) Goedere word verkoop teen ’n winsopslag van 50% op kosprys. Die bedrag vir verkope sluit R27 000 in vir die kontantverkope van ou voorraad, aan ’n kliënt teen 10% minder as die kosprys.

(b) Transaksies met debiteure wat nie in ag geneem is nie:

- ’n Tjek ontvang vir die vereffening van ’n uitstaande skuld van R3 600 min 5% korting, is geweier a.g.v. onvoldoende fondse.
- ’n Debiteur met ’n kredietsaldo van R1 200 moet oorgedra word na haar rekening in die krediteuregrootboek.
- Die voorsiening vir oninbare skuld moet aangepas word tot 2,5% van debiteurekontrole.

(c) Tydens die voorraadtelling op 29 Februarie 2016 is ontdek dat voorraad ter waarde van R2 540 nie opgespoor kan word nie. Verbruiksgoedere ter waarde van R1 970 is nie gebruik nie.

(d) Die huur vir Februarie 2016 is uitstaande. Neem in ag dat die huur op 1 Januarie 2016 met 7% verhoog het.

(e) Kommissie-inkomste van R5 577 vir Maart 2016 is ontvang en gedeponeer.

(f) Die maatskappy het twee direkteure wat dieselfde fooie verdien, vanaf 1 Maart 2015. ’n Derde direkteur is op 1 September 2015 aangestel op dieselfde fooi-struktuur. Hierdie direkteur se fooi vir Februarie 2016 is nog nie betaal nie.

(g) Uitstaande rente op vaste deposito moet nog in berekening gebring word. Die vaste deposito is op 1 Junie 2015 gemaak. Rente op vaste deposito is nie gekapitaliseer nie.

(h) Rente op lening word gekapitaliseer. Die leningstaat toon ’n sluitingsaldo van R1 064 000 op 29 Februarie 2016. ’n Vaste maandelikse paaiement, wat rente insluit, is betaal. Hierdie betalings is aangeteken.

(i) Die bedrag vir Bateverkope bestaan uit die kontant wat ontvang is vir die verkope van toerusting op 31 Desember 2015, soos aangeteken in die Kontantontvangstejoernaal. Behalwe die inskrywing in die Bateverkope-rekening, is geen ander inskrywings gemaak vir hierdie transaksie nie. Die kosprys van die toerusting wat verkoop is, was R66 200. Opgehoopte waardevermindering op die toerusting wat verkoop is, was R43 225 op 1 Maart 2015. Waardevermindering op toerusting word bereken teen 15% p.j. op kosprys.

(j) Die inkomstebelasting vir die jaar beloop R46 770.

70

VRAAG 4: FINANSIËLE STATE, KONTANTVLOEI EN INTERPRETASIE (70 punte; 40 minute)

Jy word voorsien van inligting uit die boeke van Sazi Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2016. Die maatskappy is genoteer op die aandelebeurs met ’n gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele.

GEVRA:

4.1 Voltooi die nota tot die Balansstaat vir **Aandelekapitaal** op 30 Junie 2016. (7)

4.2 Vul die ontbrekende bedrae in die **Kontantvloeistaat** in. Toon alle bewerkings. (22)

4.3 Bereken die volgende: (Toon berekeninge tot een desimale punt.)

4.3.1 Persentasie bedryfswins op totale verkope (3)

4.3.2 Gemiddelde debiteure invorderingstermyn (in dae) (5)

4.3.3 Netto batewaarde per aandeel (4)

4.3.4 Skuld/ekwiteitsverhouding. (3)

4.4 Lewer kommentaar oor die likiditeit van die besigheid. Haal DRIE finansiële aanwysers (met syfers) aan in jou verduideliking. (8)

4.5 Sommige aandeelhouers voel die maatskappy het te veel van die lening terugbetaal. Wat sal jou antwoord aan hulle wees.? Verwys na TWEE finansiële aanwysers, met relevante syfers, om jou antwoord te motiveer. (6)

4.6 Lewer kommentaar oor die dividendbeleid van die besigheid en verduidelik die effek hiervan op die besigheid. Haal TWEE finansiële aanwysers aan in jou antwoord. (6)

4.7 ’n Aandeelhouer het gekla oor die uitgifteprys van die nuwe aandele op 1 April 2016. Waarom, dink jy, het sy gekla? Haal TWEE finansiële aanwysers, met syfers, aan in jou antwoord. (6)

INLIGTING:

A. **Uittreksel van inligting uit die Staat van omvattende inkomste (Inkomstestaat) vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2016:**

Kontantverkope	7 392 000
Kredietverkope	7 392 000
Koste van verkope	9 240 000
Waardevermindering	1 256 340
Bedryfswins	2 810 000
Rente-uitgawe	675 000
Netto wins voor inkomstebelasting	2 187 000
Inkomstebelasting	656 100

Kopiereg voorbehou

B. Bedrae uit die Balansstaat en Notas:

	30 JUNIE 2016	30 JUNIE 2015
Vaste bates (drawaarde)	11 935 460	12 363 550
Vaste deposito	620 000	950 000
Nie-bedryfslaste	**4 110 000**	**5 300 000**
Bedryfsbates	**2 051 300**	**1 432 400**
Bedryfslaste	**1 157 750**	**1 310 690**
Aandeelhouersekwiteit	**9 339 010**	**8 135 260**
Gewone aandelekapitaal	?	7 134 000
Behoue inkomste	?	1 001 260
Bedryfsbates sluit in:		
Debiteurekontrole	892 800	575 500
SAID: Inkomstebelasting	-	15 500
Kontant en kontantekwivalente	394 300	8 000
Bedryfslaste sluit in:		
Bankoortrekking	-	56 370
SAID: Inkomstebelasting	34 600	-
Aandeelhouers vir dividende	490 250	369 000

C. Aandelekapitaal

- 820 000 aandele reeds uitgereik op 1 Julie 2015.
- 180 000 aandele uitgereik op 1 April 2016 teen 920 sent per aandeel.
- 75 000 aandele teruggekoop op 1 Mei 2016 teen 930 sent per aandeel.

D. Dividende

'n Interim dividend van 97 sent per aandeel is betaal op 31 Desember 2015.
'n Finale dividend is verklaar op 30 Junie 2016.
Slegs aandeelhouers geregistreer ten tyde van die dividendverklaring, kom in aanmerking vir hierdie dividend.

E. Beweging van vaste bates gedurende die huidige finansiële jaar:

Vaste bates ter waarde van R856 450 is aangekoop.
Ou toerusting is verkoop teen drawaarde.

F. Kredietverkope beloop 50% van totale verkope. Kredietterme is 30 dae.

G. Die volgende finansiële aanwysers is bereken:

	30 Junie 2016	30 Junie 2015
Bedryfsverhouding	1,8 : 1	1,1 : 1
Vuurproefverhouding	1,1 : 1	0,5 : 1
Bedryfswins op verkope	?	28%
Gemiddelde debiteure invorderingstermyn	?	42 dae
Gemiddelde krediteure betalingstermyn	42 dae	54 dae
Solvensieverhouding	2,8 : 1	2,2 : 1
Skuld/ekwiteitsverhouding	?	0,7 : 1
Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend	21,3%	17%
Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit	17,5%	15,8%
Verdienste per aandeel	180 sent	164 sent
Dividend per aandeel	150 sent	164 sent
Netto batewaarde per aandeel	?	992 sent
Markprys per aandeel by die JSE	1100 sent	1000 sent
Rentekoers op lenings	11%	10,5%

Kopiereg voorgehou

VRAAG 5: VOORRAADWAARDERING, BTW EN PROBLEEMOPLOSSING (40 punte; 25 minute)

5.1 VOORRAADWAARDERING

± 27 Handelaars verkoop wetenskaplike sakrekenaars. Die besigheid se eienaar is Piet Fountain. Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2016. Die besigheid gebruik die periodieke voorraadhoudingstelsel en die geweegde gemiddelde metode om die waarde van die sakrekenaars te bepaal.

GEVRA:

5.1.1 Bereken die volgende vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2016:
- Waarde van die slotvoorraad (10)
- Koste van verkope (2)
- Bruto wins (4)

5.1.2 Piet het probleme ondervind met diefstal van voorraad en het sekuriteitskameras geïnstalleer. Ten spyte hiervan, is hy daarvan oortuig dat sakrekenaars nog steeds gesteel word.
- Bereken die aantal eenhede wat vermis word. (4)
- Gee ’n ander opsie wat Piet kan gebruik om die probleem op te los. (2)

5.1.3 Die tydperk van voorraad voorhande vir sakrekenaars is akkuraat bereken op 64 dae. Lewer kommentaar en sê of dit voldoende is vir hierdie produk. Gee EEN gepaste punt. (2)

INLIGTING:

A.

	EENHEDE	TOTAAL (R)
Voorraad sakrekenaars voorhande op 1 September 2015, vraggeld ingesluit.	200	30 550
Voorraad sakrekenaars op 31 Augustus 2016	160	?

B. Aankope van sakrekenaars gedurende die jaar:

MAAND	EENHEDE	EENHEIDS-KOSTE (R)	VRAGGELD (R per eenheid)	TOTAAL (R) (Vraggeld ingesluit)
November 2015	265	135	5	37 100
Januarie 2016	380	142	8	57 000
April 2016	190	156	9	31 350
Junie 2016	170	168	12	30 600
TOTAAL	**1 005**			**156 050**

C. 10 sakrekenaars van die November 2015-aankope is as ’n donasie aan ’n plaaslike skool geskenk as pryse vir ’n lootjieverkoping.

D. 5 sakrekenaars van die Januarie 2016-aankope is teruggebring omdat dit stukkend is. Dit is teruggestuur aan die verskaffers en ’n kredietnota vir die kosprys plus vraggeld is ontvang.

E. 993 eenhede is gedurende die finansiële jaar verkoop teen ’n vaste verkoopprys van R220 elk.

5.2 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Mosco Winkels vir die BTW-periode wat eindig op 31 Julie 2016. BTW word teen die standaardtarief van 14% gehef op alle goedere verkoop.

GEVRA:

Vul die BTW-bedrae in aan die toepaslike kant van die BTW-KONTROLE-REKENING. Gebruik slegs positiewe bedrae in die voltooiing van die tabel.

- Toon die bedrag betaalbaar aan of ontvangbaar vanaf SAID in die ruimte voorsien. (10)

INLIGTING:

(a)	Bedrag verskuldig aan SAID op 1 Julie 2016	4 778
(b)	BTW op verkope	25 844
(c)	Aankope van voorraad, BTW uitgesluit	124 800
(d)	BTW op goedere deur eienaar geneem vir persoonlike gebruik	210
(e)	BTW op totale kortings ontvang van verskaffers	490
(f)	BTW op debiteure se rekeninge wat afgeskryf is	448
(g)	BTW op toerusting aangekoop	2 212
(h)	BTW op ou toerusting op krediet verkoop	2 310

5.3 PROBLEEMOPLOSSING: BESTUUR VAN VOORRAAD

Sizi het twee stalletjies wat sakke en pette verkoop.

GEVRA:

Identifiseer ŉ verskillende probleem in elke stalletjie en gee EEN oplossing of punt van advies. Haal relevante syfers aan vir elke probleem geïdentifiseer. (6)

INLIGTING: vir Oktober 2016

	SMARTSTRAAT		**JAMESSTRAAT**	
Assistent	Fraser		Andi	
Weeklikse toelaag per assistent	R1 200		R1 200	
	SAKKE	**PETTE**	**SAKKE**	**PETTE**
Openingsaldo (eenhede)	80	120	50	120
Voorraad voorsien deur Sizi (eenhede)	120	200	120	200
Slotvoorraad (eenhede)	82	60	40	250
Eenhede verkoop	110	260	130	70
Verkoopprys (per eenheid)	R45	R20	R45	R20
Kontant oorhandig aan Sizi (Rand)	R4 950	R5 200	R5 500	R1 400

40

VRAAG 6: BEGROTINGS (35 punte; 25 minute)

6.1 **Verduidelik waarom:**

6.1.1 oninbare skuld nie in ’n kontantbegroting verskyn nie. (2)

6.1.2 ’n kontantbegroting ’n effektiewe vorm van interne kontrole is. (2)

6.2 **ALGOA BPK.**

Algoa Bpk. is geregistreer met ’n gemagtigde aandelekapitaal van 750 000 gewone aandele. Op 1 September 2016 was 515 000 gewone aandele reeds uitgereik.

GEVRA:

6.2.1 **Verwys na Inligting A**.
Bereken die kontant wat na verwagting van debiteure ingevorder sal word gedurende November 2016. Let op die volgende:
- Geen kortings word aan debiteure toegestaan nie.
- Daar is oninbare skuld (7)

6.2.2 Bereken die ontbrekende bedrae wat as **(a)** tot **(e)** aangedui word in die kontantbegroting in **Inligting F**. (13)

6.2.3 Bereken:

(i) Die leningsbedrag wat terugbetaal sal word op 1 November 2016 (3)

(ii) Die totale koste van ’n nuwe voertuig aangekoop op 31 Julie 2016 (4)

6.2.4 ’n Jong aandeelhouer is van mening dat die maatskappy nie geld moet spandeer aan personeelopleiding nie – hulle moet opgeleide personeel aanstel.
- Verduidelik waarom die maatskappy geld spandeer aan personeel-opleiding. Gee EEN punt. (2)
- Wat kan die besigheid doen om te verseker dat opgeleide personeel in diens van die besigheid aanbly? Gee EEN punt. (2)

INLIGTING:

A. Onvolledige debiteure invorderingskedule vir drie maande van 2016.

MAANDE	KREDIETVERKOPE	SEPTEMBER	OKTOBER	NOVEMBER
Julie	108 000	12 960		
Augustus	104 400	46 980	12 528	
September	93 000	37 200	41 850	**?**
Oktober	102 000		40 800	**?**
November	111 600			**?**
Totale invorderings van debiteure				**?**

B. Kontantverkope is 40% van totale verkope.

C. Koste van verkope:

SEPTEMBER	OKTOBER	NOVEMBER
96 875	106 250	116 250

D. Kontantaankope is 20% van totale aankope.
Voorraad verkoop gedurende ’n maand word in dieselfde maand vervang (die besigheid handhaaf ’n basis voorraad).

E. Krediteure vir die aankoop van voorraad word betaal in die maand wat volg op aankope (30 dae) om voordeel te trek uit die 5% afslag vir vroeë betaling.

F. Kontantbegroting vir die twee maande geëindig November 2016

	OKTOBER	NOVEMBER
Ontvangstes		
Kontantverkope	68 000	74 400
Kontant van debiteure	95 178	**6.2.1**
Huurinkomste	**(a)**	16 985
Rente op belegging		
Addisionele aandele uitgereik	513 000	
Totale ontvangstes		
Betalings		
Kontantaankope van voorraad	21 250	**(b)**
Betalings aan krediteure	73 625	**(c)**
Salarisse en lone	126 400	133 984
Rente op lening	2 000	1 750
Personeelopleidingsprogram	-	18 000
Advertensies	8 160	**(d)**
Dividende op gewone aandele	-	**(e)**
Paaiement op voertuig	4 750	4 750
Diverse uitgawes		
Totale betalings		

G. Die huur sal op 1 November 2016 verhoog met 7,5%.

H. Advertensies is ’n vaste persentasie van die kontantverkope.

I. ’n Nuwe voertuig is aangekoop op 31 Julie 2016. ’n Deposito van R40 000 is betaal en die balans moet betaal word as vaste maandelikse betalings oor die volgende vier jaar.

J. Addisionele aandele is uitgereik op 1 Oktober 2016 teen R5,40 per aandeel. ’n Interim dividend van 15 sent per aandeel sal op 30 November 2016 betaal word. Die nuwe aandeelhouers kom in aanmerking vir die interim dividende.

K. ’n Gedeelte van die lening sal op 1 November 2016 terugbetaal word. Rente op lening teen 10% p.a. is betaalbaar op die laaste dag van elke maand. Rente op lening word nie gekapitaliseer nie.

35

TOTAAL: 300

Kopiereg voorgehou